EERSTE STAPPE NA

'N TOEGANKLIKE KERK

VIR GESTREMDES

"ROOM For More" U
RAMP
People with disabilities at Home in the Church
www.rampup.co.za

1 Verwelkom almal hartlik

Beoefen gasvryheid. Demonstreer op tasbare wyse dat gestremdes geliefd is en by u kerk ingesluit word. *Vra* vir mense wat sal hulle help om tuis te voel.

2 Toeganklike geboue

VRA vir persone wat gestremd is waar dit nodig is om veranderinge aan te bring.

Dit mag dalk nodig wees om aanpassings te maak by die ingang, die liturgiese ruimte, ruskamers en vergaderplekke. Is die terrein gebruiklik-vriendelik vir gestremdes?

3 Maak seker elkeen is betrokke by die erediens

Kan elkeen deelneem aan die diens? Dit mag nodig wees dat gehoor- of siggestremdes voor moet sit om die spreker goed te sien en/of te hoor. Verkort 'n paar van die kerkbanke sodat rolstoel-gebruikers nie in die paadjies hoef te sit nie. Voorsien 'n vertroueling vir diegene wat bystand nodig het.

'n Vertroueling kan help om ander mense betrokke te kry, bv. om 'n gestremde kind na 'n Kategese klaskamer te neem of net om bevriend te raak met iemand wat verstandelik gestremd is.

4 Betrek die jeug en ander groepe binne die kerkgemeenskap.

Nooi 'n kundige wat gestremdheid ken om u gemeente toe te spreek ten einde begrip te kweek vir 'n bepaalde gestremdheid. Die jeug kan aktiwiteite doen wat hierdie leerproses versterk.

5 Skep geleenthede vir gestremdes om hulle talente uit te leef.

Vind maniere om gestremdes deel te maak van die kerklike lewe. 'n Rolstoel-gebruiker mag dalk geroepe voel om Kategese-onderrig te gee, maar het 'n toeganklike klaskamer nodig. 'n Blinde persoon kan dien as ouderling omdat hy 'n gawe van leierskap het.

6 Voorsien gestremd-vriendelike materiaal

Hou Bybels of bladmusiek vir sangdeelname in grootdruk byderhand. Gehoorgestremdes mag 'n geskrewe opsomming van die diens handig vind.

7 Kommunikeer en wees wedersyds betrokke op maniere wat verhoudings versterk

Behandel gestremdes met respek. Praat direk met die gestremde persoon, nie deur hulle gesinslede of versorgers nie.

Bou verhoudings met gestremdes wat kerk bywoon en gee aan hulle 'n geleentheid om te praat oor hulle ervarings in die kerk. Reik uit na gesinne met gestremde lede. Vind meer uit oor gestremdes binne die gemeenskap en ondersoek maniere om hulle te ondersteun.

8 Leef en streef na 'n bevrydende Bybelse verstaan van gestremdheid

Persone met gestremdheid smag na onvoorwaardelike aanvaarding, insluiting en deelname.